# **Vergoeding vir ’n besering of siekte aan diens opgedoen**

Bron – 2017/02/20: (http://www.gov.za/af/services/compensation-fund/claim-occupational-injuries-or-disease)

Indien jy beseer word, ’n siekte opdoen of aan diens sterf, kan jy of jou afhanklikes by die Vergoedingsfonds eis.

Die fonds betaal vergoeding aan permanente werkers, tydelike werkers, werkers wat opleiding ontvang, en vakleerlinge wat beseer word of ’n siekte opdoen in die uitvoer van hul pligte en wat as gevolg daarvan hul inkomste verloor.

Jy kan eis indien jy:

- permanent in diens is
- ’n huiswerker in ’n losieshuis of sake-opset is
- ’n vakleerling of plaaswerker is wat opleiding ontvang of
- ’n werker is wat deur ’n arbeidsagentskap betaal word.

Jy kan nie eis nie indien jy:

- ’n huiswerker is wat by ’n privaat woning werk
- ’n lid van die Staande Mag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag is wat in diens ter verdediging van die Republiek van Suid-Afrika ingevolge artikel 1 van die Verdedigingswet, 1957 werk
- ’n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens is wat in diens ter verdediging van die Republiek van Suid-Afrika ingevolge artikel 1 van die Verdedigingswet, 1957 werk
- ’n werker is wat nie direk onder die beheer van ’n werkgewer werk nie, byvoorbeeld ’n subkontrakteur is. Werknemers wat in diens van die subkontrakteur is, word wel gedek
- die eienaar van ’n alleeneienaar-onderneming is
- ’n werker is wat vir 12 maande buite Suid-Afrika gewerk het sonder om ’n ooreenkoms met die Direkteur-Generaal van die Departement van Arbeid aan te gaan
- skuldig bevind is aan opsetlike wangedrag, tensy dit tot ernstig gestremdheid of dood lei.

Neem kennis: Indien jy, as die werknemer, doodgaan weens ’n werksverwante besering of siekte, kan jou afhanklikes by die fonds eis.

Vergoedingsvoordele sal nie betaal word nie indien jy:

- meer as 12 maande ná die ongeluk of dood of nadat die siekte gediagnoseer is, die ongeluk by die werkgewer aanmeld
- jy vir drie of minder dae van die werk af weg is, in welke geval die fonds slegs die mediese rekening sal betaal
- die ongeluk gespruit het uit jou eie nalatige of foutiewe optrede (tensy dit tot ernstige gestremdheid of dood lei, in welke geval die fonds steeds vergoeding sal betaal)
- jy onredelikerwyse weier of doelbewus nalaat om mediese behandeling te kry.

Vind meer uit oor hoe:

- om te eis vir bedryfsbeserings of -siektes (http://www.labour.gov.za/DOL/legislation/acts/how-tos/compensations-for-occupational-injuries-and-diseases/how-to-claim-from-the-compensation-fund-if-you-are-a-worker)

- of kontak die Vergoedingsfonds by: http://www.labour.gov.za/DOL/contacts/Compensation%20Fund/compensation-fund-gauteng-north)

## Compensation Fund - Gauteng

by Zopedol — last modified 2015-04-08 17:53

To provide for compensation for disablement caused by occupational injuries or diseases susta or contracted by employees in the course of their employment, or for death resulting from such injuries or diseases; and to provide for matters connected therewith.

### *Contact Details*

| **Compensation Fund** | |
|---|---|
| **Operating Hours:** | 07:30 to 16:00, Monday to Friday. |
| **Telephone Number(s):** | 0860 105 350 |
| **Fax Number(s):** | 012 326 1570 / 012 357 1772 |
| **Street Address:** | Compensation House<br>Cnr. Hamilton & Soutpans streets<br>Pretoria |
| **Postal Address:** | P.O. Box 955<br>Pretoria<br>0001 |
| **Email Address:** | CF-Complaints@labour.gov.za<br>cfcallcentre@labour.gov.za<br>cfenquiries@labour.gov.za<br>Contact details for medical section<br>Google Street view<br>Google Maps |

- Die verskillende vorms is beskikbaar by: http://www.labour.gov.za/DOL/documents/forms/compensation-for-occupational-injuries-and-diseases/return-of-earnings-form-for-the-compensation-fund/?searchterm=compensation%20commissioner